SAKE 24 (Burge
12 Mar 2008
Page : 14 #

Verhandel aandele omsigtig, vra Huge

Die Alt^{X}-genoteerde Huge Group het gister in 'n omsigtigheidsaankondiging gesê hy is in verdere onderhandelings gewikkel. Dié onderhandelings is met partye wat nie verband hou met Huge se verkryging van 59% van die gewone aandele in iTalk Cellular nie.

Dié onderhandelings is benewens bestaande onderhandelings in verband met sy verkryging van iTalk en die verdere omsigtigheidsaankondiging wat op 29 Februarie gedoen is.

Aandeelhouers word gevolglik ingelig dat verdere besonderhede binnekort bekend sal wees.

Die verdere onderhandelings kan moontlik 'n effek op Huge se aandeelprys hê en aandeelhouers word aangeraai om omsigtig met hul aandele te verhandel.